Wêreldbiddag vir Vroue 2024

"BID GEDURIG"
"PRAY AT ALL TIMES"

Riglyne vir die leier

Liewe Leier / Koördineerder

November 2023

Ons groet jou in die wonderlike naam van God Drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees! Die Wêreldbiddag is ’n wêreldwye, ekumeniese beweging van Christen-vroue, -mans en kinders, wat jaarliks bymekaarkom om ’n besondere dag van gebed te vier. Regoor die wêreld (in 176 streke en lande) word dieselfde tema, met dieselfde formaat vir die erediens, gevier. Op hierdie manier word die goue draad van ons Verlossing deur Jesus Christus bevestig, ongeag waar in die wêreld ons woon of watter taal ons praat. Dit is wonderlik om deel van so ’n ongelooflike gebedsketting te wees.

Baie dankie dat jy bereid is om die diens vir 2024 in jou kerk of gemeenskap te organiseer. Die hele wêreld het ’n hartseer plek geword, en elke land het sy eie probleme en spanning. Die tema van die Wêreldbiddag vir 2024 smeek ons om mekaar te verdra en te verduur. God is bedroef wanneer sy kinders en skepsele in konflik met mekaar leef en mekaar haat. Kom ons fokus op sy Woord, wat ons aanmoedig om “altyd beskeie, vriendelik en geduldig te wees, en mekaar in liefde te verdra. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.”(Efesiërs 4:2+3).

Die program vir die diens is deur Palestina, onder leiding van die Internasionale Komitee, saamgestel. Die Programkomitee van Suid-Afrika het dit vir Suidelike Afrika se unieke omstandighede aangepas, en dit word in 9 van ons amptelike tale vertaal. Die program dien as riglyn in die beplanning van die aanbiddingsgeleentheid. Dit is nie ’n rigiede program nie, en jy is welkom om aanpassings te maak om die styl van aanbidding, liedere en behoeftes in jou omgewing te akkommodeer.

VOORSTELLE VIR DIE AANBIEDING VAN DIE TEMA, “Ek dring aan … Verdra mekaar in liefde...”

- *Versier die tafel/liturgiese ruimte met die volgende simbole van Palestina: Olyftak kies of blare (of ’n foto of uitknipsel van ’n olyfblaar), olywe, olyfolie, mandjies gevul met suurlemoene,lemoene of ander sitrus, kaktusplante of blare (turksvye), Jasmyn, papawers of ander blomme;*
- *Voor die diens: Kerkklokke wat lui terwyl die dames aankom. Deel ’n olyftakkie of –blaar by die deure uit.*
- *Instaplied: Instrumentale weergawe van I Urge You, of enige bekende lied van jou kerk/gemeenskap.*
- *Die leiers/lesers kan ook die mandjies met die vrugte, blomme, ens indra en voor op die tafel gaan neersit.*
- *Sitrusvrugte groei oorvloedig in historiese Palestina en word wêreldwyd uitgevoer. Alhoewel kaktus nie oorspronklik van Palestina is nie, is dit al vir baie jare in die land. Kaktus vorm natuurlike grense tussen dorpies in Palestina. Die kaktusplant is ’n simbool van veerkragtigheid en oorlewing te midde van harde en moeilike omstandighede. Die kaktusplant oorleef wanneer alle ander dinge vergaan. Die blom en die vrug van die kaktusplant verteenwoordig ook skoonheid en oorlewing te midde van lyding en pyn.*
- *Ruim genoeg geleentheid vir persoonlike, sowel as behoeftes van die gemeenskap, in gedurende Spontane Gebed.*
- *Die Power Point en Musiek-CD is beskikbaar om ekstra agtergrond en atmosfeer aan die diens te verleen.*

KUNSWERK OP DIE VOORBLAD: “Ek dring aan … Verdra mekaar in Liefde.”



Die kunstenaar, Halima Aziz, stel drie Palestynse vroue voor wat in ’n vreedsame plek in die natuur saambid. Olyfbome/takke is ’n simbool van ewige en oorvloedige lewe omdat hulle vir duisende jare kan oorleef. Party olyfbome in Palestina was reeds daar in die tyd van Jesus. Die goue wortels beklemtoon die feit dat die Palestyne altyd sal bestaan, omdat hulle wortels diep is. Jasmyn en papawers is oorvloedig en betekenisvol vir die Palestyne. Papawers herinner hul aan geliefdes wat hul lewe vir hul land geoffer het. Jasmyntee troos en verenig mense. Die tradisionele Palestynse rokke verteenwoordig die Palestynse volk en is vol kuns en geskiedenis. Die sleutels is simbool van hoop om terug te keer na Palestina. Palestyne dra ook die sleutels van hul huise waarvandaan hul verdryf is saam met hulle, maak nie saak waar in die wêreld hul is nie, en hul dra dit oor aan hul kinders sodat hul nooit hoop verloor nie. Jul kan hierdie inligting met almal in die diens deel, of dit op ’n kaartjie druk en uitdeel.

BEMARKING

Die Biddag moet so wyd as moontlik in werkspekke, Laer- en Hoërskole, Bybelstudiegroepe, damesontbyte, aftree-oorde, ens aangebied word. Adverteer hierdie geleentheid asseblief wyd en syd.

FINANSIES

Kollektes wat opgeneem word, is die enigste bron van inkomste vir die Wêreldbiddag, en ons versoek u om dit asb aan die Nasionale Kantoor oor te betaal. Die Wêreldbiddag betaal donasies aan instansies in verskillende provinsies, soos besluit deur die Nasionale Komitee. Dit word jaarliks namens al die vroue van die Wêreldbiddag uitbetaal, wat ons eenheid in Christus bevestig.

Indien jy enige navrae het, kontak ons gerus by 082 450 9305
Of stuur ’n epos na: wwdpsa@gmail.com / Webtuiste: www.wwdp.co.za

Women's World Day of Prayer 2024

"BID GEDURIG"
"PRAY AT ALL TIMES"

Guidelines for the Leader

Dear Leader / Coordinator November 2023

We greet you in the mighty name of God, our Father, Son and Holy Spirit! The World Day of Prayer is a worldwide ecumenical movement of Christian women, men and children who come together annually to observe a common day of prayer.

All over the world (176 regions and countries) the same theme is observed, together with the order of service. The golden thread of our Salvation through Jesus Christ is therein confirmed, no matter in which part of the world we live, or whatever language is spoken. It is amazing to be part of this chain of prayer.

Thank you for organizing the worship service for 2024 in your local church or community. The whole world is in a sad state and every country has its own challenges and tension. The WDP 2024 theme begs us to tolerate and bear with one another. God is saddened when his children/creatures are in conflict and hate each other. Let us focus on his Word, which encourages us to "Be completely humble and gentle; be patient, bearing with one another in love. [3] Make every effort to keep the unity of the Spirit through the bond of peace."(Ephesians 4:2+3, International Version)

The worship booklet is a resource material and is compiled by the writer country (Palestine) under the guidance of the International Committee. It is adapted for Southern Africa's environment by the South African Program Committee. The program is translated into nine of the official languages spoken in South Africa. The program is a support to putting together the worship service. Feel free to shorten the program to the style of worship and needs of your local community.

SUGGESTIONS ON THE PRESENTATION OF THE THEME, "I beg you… Bear with one another in Love"

- Decorate the table/altar with the following symbols of Palestine: Olive branches or leaves (or a photograph or cut out of olive leaf), olives, olive oil; Lemons, oranges, or other citrus fruits; Cactus plants or leaves (prickly pears); Jasmine, poppies, or other flowers; baskets to hold the citrus, plants/leaves and flowers.
- **Before the service:** Church bells toll as participants are arriving (if available). Distribute an olive branch or leaf to participants as they enter.
- **Procession** (***Song during procession:*** *Instrumental version of I Urge You /or any well-known song in your community.) The l*eaders/readers can carry the filled baskets and place the objects on the altar or around the space.
- *Citrus fruits grew abundantly in historic Palestine and are exported all over the world. Although Cactus plants are not originally from Palestine, they have been in the country for many years. Cacti have become natural boundaries between one village and another in Palestine. The cactus plant is a symbol of resilience and survival in the midst of the harshest of circumstances. The cactus plant survives even when everything else perishes. Additionally, the flower and the fruit of the cactus plant are emblems of beauty and sustenance amidst suffering and pain.*
- *The Power point and Music CD are available to give extra background and atmosphere to the service.*

ARTWORK OF COVER DESIGN: "I beg you… Bear with one another in Love"



The artist, Halima Aziz, represents three Palestinian women praying together in nature in a peaceful place. Olive trees/ branches are a sign of everlasting and abundant life because they can live for thousands of years. Some of the olive trees in Palestine today were there during the time of Jesus. The golden roots are underlining the fact that the Palestinians will always exist because they are deeply rooted. Jasmine and Poppy flowers are abundant and meaningful to Palestinians. Poppy flowers remind Palestinians of loved ones who have given their lives for their country. Jasmine tea soothes and bring people together. Traditional Palestinian dresses represent the Palestinian people and is full of art and history. The keys are a symbol of the hope to return back to Palestine. Palestinians always carry their keys of their homes they were driven out of with them, no matter where they are around the world, and they pass it on to their children so they will never lose hope.

You can share the information with everyone during the service of print it on a card to distribute.

ADVERTISING

This day can also be observed in the workplace, in primary and high schools, Bible study groups, ladies' breakfasts, care homes for the aged, etc. Promote this event in the church and as widely as possible in your area. Follow our FB page for clips, prayers, information, etc. as a tool for your virtual services.

FINANCES

The offerings received are the ONLY source of income for the WWDP, hence we appeal to you to send the offerings to the office. WWDP pays out donations from the offerings to charities in various provinces, as resolved by the National Committee on behalf of all women of WWDP, which further shows that we are one in Christ.

If you have any queries, please contact the office (082 450 9305)
or visit the website: www.wwdp.co.za or email us: wwdpsa@gmail.com